NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 4 NOVEMBER 2015 OM 10:00

- ADMINISTRASIE EN FINANSIES -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Administrasie]
Voorsitter, rdl M Rangasamy [Finansies]
Ondervoorsitter, rdh N J A Rust

Abrahams, M Z	Goliath, M S I
Cloete, C M	Humphreys, F S
Cleophas, J H	Sedeman, A C
Cox-Chetty, Y S	Stemele, O M
	Traut, L

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Wnd. Munisipale Bestuurder, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Wnd. Direkteur: Finansiële Dienste, mnr C F Gerber
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Rdl O M Stemele open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl B W Geel en die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ADMINISTRASIE EN FINANSIES) GEHOU 7 OKTOBER 2015

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

Dat die notule van die Portefeuljekomitee-vergadering (Administrasie en Finansies) gehou op 7 Oktober 2015 as korrek bekragtig word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5/GEDEL...

5. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. ADMINISTRASIE

5.1 KWARTAALVERSLAG: JULIE – SEPTEMBER 2015

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER (7/1/2/2-7)
5.1.2 KORPORATIEWE DIENSTE (7/1/2/2-1)

Die voorsitter lê die onderskeie maandverslae ter tafel.

Die waarnemende Munisipale Bestuurder, mnr J T Steenkamp – op navraag van rdl C M Cloete – noem dat mnr John Lawson deur die provinsiale Departement van Ekonomiese Ontwikkeling aangestel is om jaarliks die "LED" assesering van munisipaliteite te doen.

T.o.v. projeknommer 14-0026 noem die waarnemende Munisipale Bestuurder dat dit 'n aanduiding is van die aantal werksgeleenthede wat deur kapitaalprojekte geskep is oor die spesifieke periode.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche noem dat mnr John Lawson by die opkomende gesamentlike wykskomiteevergadering geskeduleer vir Saterdag, 21 November 2015 teenwoordig sal wees waar meer inligting rakende sy werkverrigtinge by die munisipaliteit deurgegee sal word.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste noem – op navraag van rdl A C Sedeman – dat m.b.t. die biblioteek te Abbotsdale, dat die finale dokumentasie vanaf die provinsiale regering afgewag word, aangesien daar sekere veranderinge aangebring moet word. Die bouplanne is by die Bestuurder: Openbare Betrekkinge, Biblioteek- en Toerismedienste, me Ilse Loock ter insae beskikbaar.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste noem verder dat briewe t.o.v. die afwykings van die boulyne binnekort uitgestuur sal word vir die 30-dae kommentaar periode om hopelik teen middel Desember 2015 gefinaliseer te wees, waarna dit na die bouplanafdeling gestuur sal word vir goedkeuring.

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag van onderskeidelik die Munisipale Bestuurder en die Direktoraat Korporatiewe Dienste vir die tydperk Julie - September 2015.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

7. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. FINANSIES

7.1 KWARTAALERSLAG: JULIE – SEPTEMBER 2015

7.1.1 FINANSIËLE DIENSTE (7/1/2/2-2) (5/7/1/1)

Die voorsitter behandel die maandverslag van die Direktoraat Finansiële Dienste.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M Z Abrahams, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag van die Direktoraat Finansiële Dienste vir die tydperk Julie - September 2015.

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER: ADMINISTRASIE

(GET) M RANGASAMY
VOORSITTER: FINANSIES

- SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl R F van der Westhuizen
Onder-voorsitter, rdl O M Stemele

Abrahams, M Z
Cleophas, J H
Cloete, C M
Goliath, M S I
Papers, C H
Rust, N J A
Stanley, B J
Van der Merwe, J I
Van Zyl, M
Wilskut, W
Zatu, N S

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Wnd. Munisipale Bestuurder, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Wnd. Direkteur: Finansiële Dienste, mnr C F Gerber
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 10:22 ’n aanvang.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ’N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTE) GEHOU 7 OKTOBER 2015

BESLUIT
(op voorstel van rdl M Z Abrahams, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die notule van ‘n Portefeuljekomiteevergadering (Siviele- en Elektriese Dienste) gehou op 7 Oktober 2015 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen, noem dat, ongeag van die lae damvlakke, is daar onsekereheid of die Departement van Waterwese waterbeperkinge sal instel.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat die dorpe wat water vanaf die Voëlvleidam ontvang spaarsamig moet wees weens die feit dat genoemde dam slegs 42,8% vol is en dit voorsien water aan die Stad Kaapstad, wat op 95% van die beskikbare water geregtig is, sowel as sekere dorpe van die Swartland Munisipale area.

Die dorpe waarna verwys word is Malmesbury, die Riebeke Abbotsdale, Kalbaskraal, Chatsworth, Riverlands, Darling en Yzerfontein.

Die moontlikheid bestaan dat indien die Stad Kaapstad nie waterverbruikbeperkinge instel nie, sal Swartland Munisipaliteit dit noodgedwonge vir die gemelde dorpe instel.

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 KWARTAALVERSLAE: JULIE – SEPTEMBER 2015

5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha noem – op navraag van rdl C Fortuin – dat die EPWP-straatvee projek in Moorreesburg 'n inisiatief vanaf die nasionale regering is en Swartland Munisipaliteit voorsien slegs 'n lys van die behoeftige strate. Die werwing en finansiering, onder andere, is die verantwoordelikheid van die regering en nie Swartland Munisipaliteit nie.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste noem verder dat tydens die aansoek van 'n projek word die aansoeker versoek om aan te dui hoeveel werksgeleenthede in die betrokke dorp geskep sal word en die suksesvolle tenderaar word deurgaans gemonitor om te bevestig dat dit wel realiseer.

5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit, noem dat Klipfontein 123Kv substasie aangeskakel is en daar word gepoog om 'n gedeelte van die energielas gedurende Desember 2015 na hierdie substasie oor te skuif.

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste noem verder – op navraag van rdl N S Zatu – dat elektriseit baie duur is weens die tariefverhogings wat deur ESKOM ingestel was.

BESLUIT
(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

(a) Dat kennis geneem word van die kwartaalverslae van onderskeidelik die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste en die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir die tydperk Julie – September 2015.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) R F VAN DER WESTHUIZEN
VOORSITTER

- ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Beskermingsdienste]
Voorsitter, rdl W Wilskut [Ontwikkelingsdienste]
Ondervoorsitter, rdl A C Sedeman

Goliath, M S I	Sneewe, A M
Papers, C H	Stanley, B J
Philander, D B	Traut, L
Rangasamy, M	Van der Merwe, J I
	Van der Westhuizen, R F

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Wnd. Munisipale Bestuurder, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Wnd. Direkteur: Finansiële Dienste, mnr C F Gerber
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 10:56 ’n aanvang.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl B W Geel en die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ’N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ONTWIKKELINGS- EN BESKERMINGSDIENSTE) GEHOU 7 OKTOBER 2015

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

Dat die notule van ’n Portefeuljekomiteevergadering (Ontwikkeling- en Beskermingsdienste) gehou op 7 Oktober 2015 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE MBT BESKERMINGSDIENSTE

5.1 KWARTAALVERSLAG: JULIE - SEPTEMBER 2015

5.1.1 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)
5.1.2 VERKEER & WETSTOEPASSINGSDIENS (7/1/2/2-3)
5.1.3 BRANDBESTRYDING (7/1/2/2-3)

5.1/Die...

5.1/...

Die Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys, spreek sy bekommernis uit teenoor die gemeenskap wie nie hul afsprake vir hul leerlings- en bestuurderslisensie-toetse nakom nie aangesien dit ander persone weerhou om 'n vroeër afspraak te verkry.

Rdl A M Sneewe versoek dat die Swartland Munisipaliteit met die plaasboere kommunikeer oor hul diere wat in die pad loop en dus 'n gevaar vir padverbruikers inhou.

Rdl Sneewe noem verder dat hierdie probleem gereeld op die Darling-pad voorkom.

Die Direkteur: Beskermingsdienste noem dat vastepunt spoedkameras in Moorreesburg na die opgradering van die paaie aangebring sal word en gesprekvoeringe rakende hierdie aspek het alreeds met die departement van Justisie plaasgevind.

Die Direkteur: Beskermingsdienste verduidelik – op navraag vanaf rdl D B Philander – waarom die Verkeers- en Wetstoepassingsafdeling gedurende die feesseisoen meer tyd op Yzerfontein gaan spandeer.

Yzerfontein, as 'n kusdorp in die munisipale gebied, lok 'n groot aantal toeriste gedurende die feesseisoen (15 Desember – 15 Januarie) en is dit gepas dat prioriteit aan Yzerfontein en die hele kusstreek (Grottobaai, Jakkalsfontein en Ganzekraal) gedurende hierdie periode gegee word.

Nieteenstaande voormelde, poog die Verkeers- en Wetstoepassingsafdeling altyd om polisiëring in al die dorpe te doen.

Die Direkteur: Beskermingsdienste noem – op navraag vanaf rdl A C Sedeman – dat spesiale lewensversekering uitgeneem word vir die personeel wie vrywillige brandweerdiens doen.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag van onderskeidelik die Direktoraat Beskermingsdienste, Verkeers- en Wetstoepassings-diens en die Brandbestrydingsafdeling vir die tydperk Julie - September 2015.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

7. GEDELEGEERDE SAKE MBT ONTWIKKELINGSDIENSTE

7.1 KWARTAALVERSLAG: JULIE – SEPTEMBER 2015

7.1.1 ONTWIKKELINGSDIENSTE

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel.

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste vir die tydperk Julie – September 2015.

8. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

8.1 AANSOEK OM VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 4276, MOORREESBURG (15/3/10-9/Erf_4276) (WYK 2)

Aansoek word gedoen vir 'n vergunningsgebruik ten einde die huiswinkel wat vanuit 'n gedeelte van die bestaande woonhuis op erf 4276, geleë te Bloekomstraat, Moorreesburg bedryf word te wettig. Die geregistreerde eienaar is Mnr Deboch Alemu Kabato.

AANBEVEEL[1]
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die aangeleentheid terugverwys word om die korrekte oppervlakte van die huiswinkel te bepaal.

8.2 AANSOEK OP VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 4370, MOORREESBURG (15/3/10-9) (WYK 2)

Aansoek word gedoen vir 'n vergunningsgebruik ten einde die bestaande huiswinkel wat bedryf word vanuit 'n gedeelte van die bestaande woonhuis op erf 4370, geleë te Denneboomstraat, Moorreesburg te wettig. Die geregistreerde eienaars is mnr en mev. Gideon en Sonita Esme Agulhas.

AANBEVELING
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl C H Papers)

A1 Dat die aansoek vir ‘n vergunningsgebruik op erf 4370, Moorreesburg ingevolge Artikel 7, Hoofstuk 14.4.2 van die Swartland Geïntegreerde Soneringskemaregulasies van Ordonnansie 15 van 1985 vir ‘n huiswinkel, afgekeur gegewe die volgende redes:

(a) Die winkel voldoen nie aan die bepalings van ‘n huiswinkel nie deurdat die grootte die maksimum van 25% van die oppervlakte oorskry asook dat dit nie deur die eienaar van die perseel bewoon word nie en kan gevolglik nie as ‘n huiswinkel goedgekeur word nie;
(b) Die eienaar van die winkel kan aansoek doen vir ‘n hersonering ten einde die nodige regte te bekom maar sal die aansoek om hersonering, in hierdie geval, teenstrydig wees met die ruimtelike beplanning van die dorp en sal dit nie aanbeveel word nie.

8.3 AANSOEK VIR VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 823, RIEBEEK-WES (15/3/10-11) (WYK 3)

Aansoek word gedoen vir 'n vergunningsgebruik ten einde die huiswinkel wat vanuit 'n gedeelte van die bestaande woonhuis op erf 823, geleë te Buitekantstraat, Riebeek-Wes bedryf word te wettig. Die geregistreerde eienaar is mev. Maureen Nodie Klaassen.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl M Rangasamy)

A1 Dat die aansoek vir ‘n vergunningsgebruik op erf 823, Riebeek-Wes ingevolge artikel 7, Hoofstuk 14.4.2 van die Swartland Geïntegreerde Soneringskemaregulasies van Ordonnansie 15 van 1985 vir ‘n huiswinkel (±25m² groot), afgekeur word weens die volgende redes:

(a) Die winkel voldoen nie aan die bepalings van ‘n huiswinkel nie en kan gevolglik nie as ‘n huiswinkel goedgekeur word nie;
(b) Die eienaar van die winkel kan aansoek doen vir ‘n hersonering ten einde die nodige regte te bekom, maar siende dat die aansoek om hersonering teenstrydig sal wees met die ruimtelike beplanning van die dorp word dit nie aanbeveel nie.

[1] Sien gewysigde aanbeveling – UBK notule gedateer 12 November 2015

8.4 AANSOEK OM VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 1399, RIEBEEK-WES (15/3/10-11) (WYK 3)

Aansoek word gedoen vir 'n vergunningsgebruik ten einde die huiswinkel wat vanuit 'n gedeelte van die bestaande woonhuis op erf 1399, geleë te Spoorstraat, Riebeek-Wes bedryf word te wettig. Die geregistreerde eienaar is mev. Ellen Ruiters.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl M Rangasamy)

A1 Dat die aansoek vir ‘n vergunningsgebruik op erf 1399, Riebeek-Wes ingevolge artikel 7, Hoofstuk 14.4.2 van die Swartland Geïntegreerde Soneringskemaregulasies van Ordonnansie 15 van 1985 vir ‘n huiswinkel (±17m² groot), afgekeur gegewe die volgende redes:

(a) Die winkel voldoen nie aan die bepalings van ‘n huiswinkel nie en kan gevolglik nie as ‘n huiswinkel goedgekeur word nie;
(b) Die eienaar van die winkel kan aansoek doen vir ‘n hersonering ten einde die nodige regte te bekom maar siende dat die aansoek om hersonering teenstrydig sal wees met die ruimtelike beplanning van die dorp word dit nie aanbeveel nie.

8.5 VOORGESTELDE STRAATNAME VIR TOEGANGSPAD NA YZERFONTEIN HEIGHTS ONTWIKKELING, YZERFONTEIN (15/5/6) (WYK 5)

Aansoek is ontvang vanaf die ontwikkelaar, mnr Manuel de Villiers, van die Yzerfontein Heights Ontwikkeling vir die goedkeuring van die voorgestelde straatname van die toegangspaaie na en deur die ontwikkeling.

Die volgende alternatiewe word voorgestel vir die twee strate:

Straat nommer 1:
a) Jos de Villierslaan / Avenue
b) Yzerfontein Heightslaan / Avenue
c) Versveldstraat moet voortgaan

Straat nommer 2:
a) Yzerfontein Heightssingel / Close

AANBEVELING
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl M Rangasamy)

(a) Dat die voorstel Jos de Villierslaan afgekeur word siende dat dit verwarring sal veroorsaak met die bestaande de Villiersstraat in Yzerfontein;
(b) Dat die duplisering van die straatnaam Yzerfontein Heightslaan en singel ook nie aanbeveel word nie en dat gegewe die feit dat Versfeldstraat aaneenlopend is moet die naam voortgaan om verwarring te voorkom;
(c) Dat die naam Yzerfontein Heightssingel goedgekeur word;
(d) Dat die spelling van Versveldstraat verander na Versfeldstraat;
(e) Dat die straatname soos hierbo genoem by die kantoor van die Landmeter-Generaal geregistreer word.

8.6 AANSOEK OM VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 1153, DARLING (15/3/10-3) (WYK 6)

Aansoek word namens die eienaar, P F Loubser, gedoen vir 'n vergunningsgebruik op erf 1153 (groot ±113m²), geleë te Voortrekkerweg, Darling vir ‘n plek van vermaak ten einde ‘n speletjiesarkade te bedryf.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl M Rangasamy, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

A Dat die aansoek vir 'n vergunningsgebruik op erf 1153, geleë te Voortrekkerweg, Darling vir ‘n plek van vermaak ten einde ‘n speletjiesarkade te bedryf, ingevolge artikel 14.4.2 van die Swartland Geïntegreerde

Soneringskemaregulasies van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat die plek van vermaak (speletjiesarkade) tot ±113m² soos voorgehou in hierdie aansoek beperk word;
(b) dat bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdiente vir oorweging voorgelê word;
(c) dat aansoek vir 'n vermaaklikheidslisensie by die Direkteur: Ontwikkelingsdienste gedoen word;
(d) dat die vergunningsgebruik beperk word tot Mnr Glen Leech en sodanige vergunning sal verstryk indien Mnr Glen Leech die grond ontruim;
(e) dat die beswaarmakers daarop gewys word dat daar geen reg tot appèl bestaan nie;

A2 WATER

(a) dat daar van die bestaande wateraansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A3 RIOOL

(a) dat daar van die bestaande rioolaansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A4 VULLISVERWYDERING

(a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir elke besigheid gehef word, wat aangepas sal word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;
(b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie op oggend van verwydering geplaas word;

B REDES VIR DIE GOEDKEURING

(a) Die aansoek is versoenbaar met die ruimtelike beplanning van Darling;
(b) Erf 1153 is geleë binne die primêre sakenodus van die sakekern van Darling.

8.7 VOORGESTELDE HERSONERING VAN ERF 678, MALMESBURY (15/3/3-8) (WYK 10)

Aansoek word gedoen namens die eienaar, Dr J W S Liebenberg, vir die hersonering van erf 678 (1428m²), geleë tussen Voortrekkerweg en Hugenotestraat, Malmesbury vanaf algemene residensiële sone 3 na sakesone 1 ten einde 'n dierehospitaal en kantore op die perseel te bedryf.

As gevolg van die kommentaar van die Departement van Vervoer en Openbare Werke het die terreinplan gewysig ten opsigte van toegang vanaf Voortrekkerweg.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl L Traut)

Dat die aansoek vir die hersonering van erf 678 (1428m²), geleë tussen Voortrekkerweg en Hugenotestraat, Malmesbury vanaf algemene residensiële sone 3 na sakesone 1 ten einde 'n dierehospitaal en kantore op die perseel te bedryf, ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
(b) dat die goedkeuring van Erfenis Weskaap verkry word alvorens enige bouplanne finaal oorweeg kan word;
(c) dat ten minste 16 op-perseel parkering en 1 laaisone voorsien word soos voorgehou in hierdie aansoek;

(d) dat die parkeerplekke van ‘n permanente stofvrye oppervlakte hetsy teer, beton of plaveisel of ‘n materiaal vooraf goedgekeur deur Swartland Munisipaliteit voorsien word en dit moet duidelik gemerk word;
(e) dat voertuig toegang vanaf Voortrekkerweg tot slegs ‘n ingang vanaf Voortrekkerweg beperk word;
(f) dat die nodige aansoek vir die vertoning van ‘n advertensieteken by die Direkteur: Ontwikkelingsdienste gedoen word;
(g) dat die vertrek waarin die diere oornag aangehou word sodanig ingerig word dat dit klankdig gemaak word;
(h) dat die dierehospitaal aan die standaarde van die SAVC soos vervat in Staatskoerant No. 23027 van 18 Januarie 2002 sal voldoen;
(i) dat die SAVC ’n sertifikaat soos genoem by punt 1(h) uitreik en ’n afskrif daarvan aan hierdie munisipaliteit voorsien word;
(j) dat die eienaar/ontwikkelaar hierdie munisipaliteit skriftelik in kennis stel wanneer daar uitvoering aan die voorwaardes gegee is;
(k) dat die hersonering ingevolge artikel 16(2)(a)(i) van Ordonnansie 15 van 1985 vir ‘n tydperk van 2 jaar geldig is;
(l) dat die beswaarmaker op sy reg tot appèl per geregistreerde pos gewys word;
(m) dat die voorgestelde nuwe gebou by die bestaande historiese karakter van die omgewing (Hugenotestraat en bestaande gebou op perseel) aanpas en komplementeer en dat die bouplanne aan Weskaap Erfenis voorgelê word vir goedkeuring alvorens Swartland Munisipaliteit dit finaal oorweeg;

A2 RIOOL

(a) dat daar van die bestaande aansluitings gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A3 WATER

(a) dat daar van die bestaande aansluitings gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A4 STRATE EN STORMWATER

(a) dat stormwater van die perseel gevoer word tot die naaste geskikte munisipale versamelpunt. Die ontwikkelaar moet ‘n ingenieur toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 aanstel om die parkeerarea en stormwaterafvoerstelsel te ontwerp. Die ontwerp moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdieste voorgelê word vir goedkeuring en die konstruksiewerk moet onder die toesig van die ingenieur gedoen word;

A5 VULLISVERWYDERING

(a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir elke beboude en/of onbeboude perseel gehef word, en in die geval van besighede sal die tarief aangepas word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;
(b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie op oggend van verwydering geplaas word;

A6 ALGEMEEN

(a) dat indien die uitbreiding van enige bestaande dienste nodig sou wees om die ontwikkeling van diensaansluitings te kan voorsien, dit vir die koste van die aansoeker sal wees;

A7 DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE

(a) dat die huidige noordelike toegang na die aangrensende erf 7525 permanent gesluit word. Die toegang moet gesluit word alvorens daar met die ontwikkeling van erf 678 begin word;
(b) dat die toegang met regop randstene gevorm moet word om te verhoed dat voertuie links-uit by die toegang kan beweeg. Die Distrikspadingenieur, Ceres moet die links-in detail en spesifikasie van die toegang goedkeur nadat die Paaie Departement van Swartland Munisipaliteit die detail ondersteun het;

B REDES VIR AANBEVELING

(a) Die voorgestelde ontwikkeling is versoenbaar met die ruimtelike beplanning van Malmesbury;
(b) Die voorgestelde ontwikkeling voldoen aan alle parameters soos van toepassing op die sakesone 1 sonering.

8.8 AFWYKING: ERF 9348, MALMESBURY (15/4/2-8) (WYK 10)
(verkeerdelik verwys na erf 9438 in die verslag tot die sakelys, regstelling tydens die vergadering aangebring)

'n Bouplanaansoek is ontvang namens die eienaar, mnr Ian Coetzee, van erf 9348, geleë te Herefordstraat 3, Malmesbury. Erf 9348 is verbeter met 'n woonhuis. Aansoek word gedoen om goedkeuring te verkry vir die oprigting van 'n motorafdak wat die kantboulyn oorskry.

Erf 9348 is soneer as enkelresidensiële sone 1 en geld 'n 4m straatboulyn en 1.5m syboulyne sowel as 'n 2m agterboulyn ingevolge die Geïntegreerde Soneringskema-regulasies van Swartland Munisipaliteit.

Gevolglik word daar aansoek om afwyking op erf 9348, Malmesbury gedoen ten einde af te wyk van die 1.5m kantboulyn tot op 0m om die eienaar instaat te stel om 'n motorafdak op die grens op te rig.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl B J Stanley, gesekondeer deur rdl L Traut)

A Dat die aansoek om afwyking op erf 9348, Malmesbury ten einde af te wyk van die 1.5m kantboulyn na 0m soos aangedui op die bouplanne gemerk "B1" & "B2" goedgekeur word ingevolge artikel 60 van die Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning van Swartland Munisipaliteit, weens die volgende redes:

(a) Die plasing van die motorafdak oor die boulyn word as 'n sinvol oplossing beskou ten einde die behoefte van die eienaar van erf 9348, Malmesbury te akkommodeer;
(b) Die voorstel sal 'n minimale impak, indien enige, op aanliggende eiendomme hê;
(c) Dat die beswaarmaker op sy reg tot appèl gewys word.

8.9 AANSOEK VIR ONDERVERDELING VAN ERF 1488, RIEBEEK KASTEEL (15/3/6-12) (WYK 12)

Aansoek word gedoen namens die eienaar (Pleasant Pheasant Guest House and Restaurant CC) vir die onderverdeling van erf 1488 (2515m²), geleë te Walterstraat, Riebeek Kasteel in 'n restant (±1244m²) en gedeelte A (±1271m²).

AANBEVELING
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

A Dat die aansoek vir die onderverdeling van erf 1488 (2515m²), geleë te Walterstraat, Riebeek Kasteel, ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat erf 1488 onderverdeel word in restant (±1244m²) en gedeelte A (±1271m²);
(b) dat die onderverdeling ingevolge artikel 27(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vir 'n tydperk van 5 jaar geldig is;

A2 WATER

a) dat elke onderverdeelde gedeelte van 'n aparte wateraansluiting voorsien word. Hierdie voorwaarde is van toepassing op bouplanstadium;

A3 RIOOL

a) dat elke onderverdeelde gedeelte van ‘n aparte riooluitsuigtenk voorsien word. Hierdie voorwaarde is van toepassing op onderverdeling stadium;

A4 VULLISVERWYDERING

a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir elke beboude sowel as onbeboude erf gehef word, asook vir elke wooneenheid op die perseel;
b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie op oggend van verwydering geplaas word;

A5 ESKOM

a) dat indien die voorgestelde onderverdeling veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;
b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van ‘n Eskom kraglyn verbode is;
c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die onderverdeelde perseel;

A6 KAPITAALBYDRAE

a) dat die eienaar/ontwikkelaar kennis neem van die kapitaalbydrae vir die grootmaat voorsiening van streekswater ten bedrae van R7 557-06 (R10 795--80 x faktor 0.7 vir med digtheid). Hierdie kapitaalbydrae is betaalbaar aan Swartland Munisipaliteit op uitklaringstadium. Hierdie bedrag is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 en kan daarna hersien word en is betaalbaar teen posnommer 50-80-75-72-7990;
b) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. paaie ten bedrae van R 8 140-74 per nuutgeskepte gedeelte aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6210 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 en kan hierna hersien word;
c) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. stormwater ten bedrae van R 4 156-44 per nuutgeskepte gedeelte aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 en kan hierna hersien word;
d) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. water ten bedrae van R 11 305-38 per nuutgeskepte gedeelte aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 77-92-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 en kan hierna hersien word;
e) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. riool ten bedrae van R 6 775-02 per nuutgeskepte gedeelte aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 en kan hierna hersien word;
f) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. afvalwater behandeling ten bedrae van R 7 182-00 per nuutgeskepte gedeelte aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6220 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 en kan hierna hersien word;
g) dat ingevolge die Raadsbesluit gedateer Mei 2015 daar ‘n 40% korting is op die kapitaalbydraes van toepassing op Swartland Munisipaliteit. Hierdie korting is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 en kan hierna hersien word;

A7 ALGEMEEN

a) dat indien dit nodig sou wees om enige bestaande dienste uit te brei ten einde die onderverdeelde gedeeltes van diensaansluitings te kan voorsien, dit vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar sal wees;
b) dat enige bestaande dienste wat die restant en die onderverdeelde gedeeltes aan mekaar koppel, verskuif en/of ontkoppel word sodat elke erf se loodgieterswerk op die betrokke erf geleë is;

c) dat die wetlike sertifikaat wat oordrag van enige onderverdeelde gedeeltes ingevolge artikel 31 van Ordonnansie 15 van 1985 magtig, nie uitgereik sal word alvorens daar aan die relevante voorwaardes voldoen is nie.

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER: BESKERMINGSDIENSTE

(GET) W WILSKUT
VOORSITTER: ONTWIKKELINGSDIENSTE